# INSTRUKSIES VIR KOLON VOORBEREIDING met PICOPREP

**(Oggend Prosedure )**

· ‘n Skoon kolon is baie belangrik vir die prosedure. Volg asb die instruksies noukeurig.
· Derm lediging begin ongeveer 2-3 uur na die eerste dosis PicoPrep, en mag aanhou vir 2-3 uur na die laaste dosering geneem is.
· PicoPrep veroorsaak waterige stoelgange totdat die uitskeiding sonder soliede deeltjies is.
· Dit is raadsaam om naby ‘n toilet te bly. **Wend Vaseline aan om anus na elke stoelgang**.

**TWEE dae voor die prosedure**

Volg ‘n sagte, veselvrye diet bv. pasta, pampoen gestoomde vis of hoender, helder soppe en jellie.
Vermy vrugte en groente met vesel, sade of pitjies.

**EEN dag voor die prosedure**

**Ontbyt** om 8h00: Swart tee/koffie met of sonder suiker, eier, wit of bruin brood / roosterbrood
(nie volgraan) Daarna slegs goedgekeurde vloeistowwe.
**Middag en aandete**: Drink slegs goedgekeurde helder vloeistowwe

***Goedgekeurde helder vloeistowwe:***

*Water, swart tee/koffie , appel sap, wit druiwesap, Bovril drankies, helder hoender sop, Energie dranke (Energade, Powerade.Game) geel en groen jellie(sonder byvoegings)*
*GEEN vaste kos of melk produkte ( yogurt, vla, roomys) toegelaat nie –*
*GEEN gas koeldranke,rooiwyn of pers koeldrank toegelaat nie.*

**Voorbereiding** (3 Sakkies PICOPREP)
**Om voor te berei:**
Los een sakkie Picoprep op in 250ml warm water en roer tot helder.
Verkoel met ysblokkies en drink gevolg deur ‘n glas water.
**Om 10h00**: Drink ‘n glas water of helder vloeistof
**Om 11h00**: Drink ’n glas water of helder vloeistof.
**Om 12h00**: Drink ’n glas water of helder vloeistof.
**Om 13h00: Los die 1ste sakkie Picoprep op soos voorgeskryf en drink gevolg deur ‘n glas water**
**Om 14h00:** Drink ’n glas water of helder vloeistof.
**Om 15h00**: Drink ‘n glas water of helder vloeistof.
**Om 16h00: Neem die 2de sakkie Picoprep gevolg deur ‘n glas water**
**Om 17h00**: Drink ’n glas water of helder vloeistof.
**Om 18h00:** Drink ‘n glas water of helder vloeistof
**Om 19h00: Neem die 3de sakkie Picoprep gevolg deur ‘n glas water**
**Om 20h00:** Drink ’n glas water of helder vloeistof.
Staak alle innames om 22h00.

**U mag nie motor bestuur direk na die prosedure nie. Reël asb vervoer.**